

Vrydag 22 Julie

Skrifgedeelte: Matteus 26:57-67; HK Sondag 19, Vraag 50

Fokusgedeelte: Matteus 26:64

Christus sit aan die regterhand van God

Toe Jesus deur die Joodse Raad verhoor is, het Kajafas Hom gedwing om onder eed te verklaar of Hy die Christus, die Seun van God is. Daarop het Christus geantwoord: *“Dit is soos u sê. Daarby sê Ek vir julle: Van nou af sal julle die Seun van die mens sien waar Hy aan die regterhand sit van Hom wat magtig is”* (Matt. 26:64). Vanuit sy diep vernedering gryp Christus vooruit na die uiterste verhoging en koningsheerlikheid wat daar op Hom wag.

Kort voordat Christus na die hemel opgevaar het, het Hy aan sy dissipels gesê: *“Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde”* (Matt. 28:18). Beklee met hierdie mag en majesteit het Hy aan die regterhand van God gaan sit om oor alles in die hemel en op die aarde te heers. Toe het in vervulling gegaan wat Hy profeties voor Kajafas en die Joodse Raad getuig het.

Dit is belangrik om daarop te let dat Jesus sê dat alle mag in die hemel en op die aarde aan Hom gegee is. As mens het Hy voorheen nie die mag gehad nie. As gevolg van sy borgtogtelike gehoorsaamheid tot die dood toe, en sy oorwinning oor die dood, het die Vader egter die mag nou aan Hom gegee. Die mag wat Satan Hom in die derde versoeking aangebied het, naamlik al die koninkryke van die wêreld (Matt. 4:8), ontvang Christus nou uit die hand van God Self, en boonop veel meer: ook alle mag in die hemel.

Oor die sit van Christus aan die regterhand van God word daar dikwels in die Nuwe Testament gepraat met verwysing na Psalm 110 (Hand. 2:34, 35; Heb. 1:13). Plek aan iemand se regterhand is destyds as ’n ereplek beskou (vgl. 1 Kon. 2:19). Die sit aan die regterhand is dus ’n beeld wat aan menslike verhoudings ontleen is, maar wat in Psalm 110 en in die Nuwe Testament van toepassing gemaak word op Christus wat aan die regterhand van God sit. Teen die agtergrond van Psalm 110 moet die uitdrukking by Christus gesien word as die toekenning van die hoogste mag en gesag.

Geweldig is die koningsheerlikheid van Christus nadat Hy aan die regterhand van God gaan sit het (Fil. 2:9-11).

Sedert Christus na die hemel opgevaar het en aan die regterhand van God gaan sit het, gaan sy boodskappers nou die wêreld deur om die mensdom op te roep om Hom as Koning te eer.